Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

# DIE Matie

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is [illegible] maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — In Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL IV, No. 2. VRYDAG, 3 MAART 1944. PRYS 1d.

# Afrikanerstryd teen Kapitalistiese Imperialisme

## Sosialisme Gedrenk in Nasionalisme

### K.G. TOON RIGTING AAN

**'n Eeu van stryd en sparteling vir ons Volk is verby — 'n stryd om sy blote identiteit as aparte volk in die volkery te behou, 'n stryd om behoud van Kerk, taal, onafhanklikheid, in kort die eie Afrikanersiel. Hierdie stryd het ons Volk gewen. Maar die tyd het gekom dat ons Volk ook vir die liggaam moet sorg — of ondergaan as volk. En in dié stryd tree die Ossewabrandwag, gesterk en gehard deur die defensiewe stryd van die afgelope paar jaar waaruit hy oorwinnend tevoorskyn getree het, en gevul met 'n sosialistiese gees wat deurdrenk en deurtrek is van Afrikaner-nasionalisme op as 'n lotsbestemmende faktor in die Afrikaner se volkslewe.**

**Hierdie hoofgedagte het die hele toespraak van die Kommandant-Generaal van die O.B. dr. J. F. J. van Rensburg, deurstraal toe hy verlede Saterdagaand opgetree het as spreker by geleentheid van die viering van Vryheidsdag in die plaaslike stadsaal.**

Die O.B. het gestry en gely, maar het sy troueed aan die Afrikanerdom gehou. In tronke en kampe, tot in die doodsel van Pretoria Sentrale Gevangenis, en tot in die Noodhulpfonds vir Afrikaner-vroue en -kindertjies het hy daardie eed gehou.

#### DIE O.B. KERN

Omdat die O.B. nou die stadium ingaan waarin hy vry van onverantwoordelike inmenging van buitestaande organisasies en versekerd van sy voortbestaan kan ontwikkel, kan hy vorentoe tree met 'n eie ideologiese inhoud wat by die dag duideliker en sterker word. Volgens 'n kort samevattend formulering van die beleidstukke van die O.B.-studielaers wat meer as 'n jaar lank stelselmatige studie van beleidskwessies gemaak het, is die doel en strewe van die O.B. 'n Republikeinse Gesagstaat, partyloos in sy samestelling en Christelik-Nasionaal in sy wese. Maar die sterkste drang van hierdie Christelik-Nasionale Gesagstaat is op die sosiale bedrywighede gerig. Die O.B. geniet ondersteuning in elke vertakking van die S.A. bedryfs- en beroepslewe, maar die oorgrote meerderheid van die Ossewabrandwag is mans en vrouens wat nie onbekommerd die toekoms kan inslenter nie. Maar as dit die geval is, dan is dit ook organies gepostuleer dat die ideologiese inhoud van die beweging daardie samestelling weerspieël. 'n Beweging van strydende Afrikaners, werkers en kleinboere, sal nie die gees van 'n kliek geldbase of internasionale Jode asem nie.

#### DIE STYDVELD

Vyftig jaar gelede was ons 'n volk van Boere, vry, selfstandig en met weinig om oor te kla. Maar stadig het die proses van verstedeliking plaasgevind, en die mees ingrypende verskuiwing van die aksent na die stede het plaasgevind — die naam Boerevolk het verdwyn, en vandag praat ons van die Afrikanerdom. Maar nie net het die eertydse Boerevolk verstedelik nie; ook het hy verarm en hy het as werknemer, nie as werkgewer nie, sy plek in die stad moes inneem. Die werkgewers daarenteen is oorwegend nie-Afrikaners en buite alle verhouding is hy 'n Joodse immigrant. Kennisname van dié feit is nie genoeg nie — ons volk moet dit as aktuele faktor erken in enige volkspolitieke stellingname. Die een feit bly dat die kinders van die stelfstandige boer van die jongste verlede die stedelike werkers en

(Vervolg op bls. 4, kol. 4)

## SLUITING VAN .O.B.-INSKRYWINGS

**Op Maandag 6 Maart om 4 n.m. sluit die inskrywings vir die plaaslike O.B.-Studentekommando's. Saf persone wat van plan is om aan te sluit en dit nog nie gedoen het nie asseblief voor hierdie datum by die persone wie se name op die kennisgewingborde verskyn as inskrywers, aanklop.**

**Moenie op u laat wag nie!**

**P. J. COERTZE,**
**Hoofkommandant.**

## Die U.K.O.V.S Stryd vir die Moedertaal-Onderwys

Soos alle studente sal weet, is daar verlede jaar 'n krisisstadium bereik in die jarelange stryd aan die U.K.O.V.S. in Bloemfontein vir die handhawing en erkenning van die taal-regte van die Afrikanerstudente en publiek in die enigste Afrikaanse Universiteitskollege van die mees Afrikaanse provinsie — die Vrystaat.

Van allerweë het daar reaksies gekom van bykans alle Afrikanerorganisasies teen die miskennings- en onderdrukkingsmaatreëls van die owerheid. Ook het alle Afrikaanse studente 'n sametrekking gehou nie alleen om die U.K.O.V.S.-studente en die publiek wat die stryd gevoer het te verseker van hulle meegevoel en morele steun in hierdie geveg nie, maar daar is ook praktiese hulpmaatreëls bespreek en bepaal indien oorgegaan word tot die stigting van 'n vrye Afrikaanse Universiteit in die Vrystaat. Hierdie studentekongres is gevolg deur 'n grootse Volksdemonstrasie op 14 Desember onder leiding van die F.A.K..

Hierdie aksies, beide van die aksiekomitee en die twee genoemde kongresse, het meegehelp om 'n momentum op te bou wat so onverbiddelik en vasberade afgestuur het op die onderdrukkingsbeleid dat die U.K.-O.V.S.-Raad besluit het om die 50-50 taalmedium-beginsel te laat vaar. Die studenteunie van Stellenbosch kan trots voel dat hy sy deel bygedra het om die dreigende gevaar te keer.

Ons publiseer hieronder die besluit van die Aksiekomitee van die U.K.-O.V.S. in Desember 1943.

„(1) Aangesien die U.K.O.V.S.-Raad op sy jongste vergadering besluit het om die 50-50-beleid te laat vaar;

(2) en aangesien die Minister van Onderwys die versoek van die Provinsiale Administrasie toegestaan het om die voorsitter van die Normaal-

(Vervolg op bls 4, kol 2)

## A.N.S.-INSKRYWINGS

**Inskrywings vir die A.N.S. word Maandag 6 Maart tydelik gesluit. Die A.N.S. moet met sy organisasie en werksaamhede so spoedig as moontlik begin. Daarom word persone wat nog wil aansluit gevra om voor genoemde datum by een van die persone, soos op die kennisgewings genoem, aan te klop.**

**S. P. BOTHA,**
**Taksleier.**

## Handelsfakulteit se Nuwe Hoogtepunt

### Instelling van Navorsingsburo

Die werksaamhede van die Buro vir Ekonomiese ondersoek waarvan reeds verlede jaar in *Die Matie* melding gemaak is, het met die heropening van die Universiteit 'n aanvang geneem. Hierdie buro vorm deel van die Handelsfakulteit, en die daarstelling daarvan is moontlik gemaak deur die onvermoeide ywer van die dosente van dié fakulteit en deur die finansiële steun van besighede wat die waarde van so'n onderneming besef, aangevul deur bydraes van die Universiteit. 'n Voltydse navorser, mnr. J. C. du Plessis, is aangestel, en die voorlopig noodsaaklike kantooruitrusting, boeke, tydskrifte, ens. is reeds bestel.

#### ONDERSOEKINGSRIGTINGS

Soos soortgelyke inrigtings in oorsese lande, sal die buro hom hoofsaaklik toelê op die versameling, verwerking en grafiese voorstelling van statistiese gegewens met die oog op die deeglike ontleding van die Suid-Afrikaanse ekonomiese toestand, en 'n vooruitskatting van die toekomstige posisie. Spesiale ondersoekwerk op aandrang van sakeondernemings sal ook onderneem word ,asook ondersoek na spesifieke bedrywe. 'n Verdere taak sal wees die vind van betrekkings vir handelsstudente gedurende vakansies en permanente werk vir diegene wat hul kursus voltooi het.

#### DIE TOEKOMS

Die buro koester groot planne, en sodra die voldoende geldelike middele asook meer ruimte vir vestiging gevind kan word, sal dié planne definitief ten uitvoer gebring word. Ons kan dan ook met reg verwag dat dié nuwe instelling tot 'n hoë mate sal bydra tot die stabilisering van die algemene ekonomiese toestande van ons land as geheel, en die snelle ontwikkeing van die Suid-Afrikaanse besighede op 'n groter basis van sekerheid vir die toekoms. Daar bestaan geen dergelike inrigting in ons land nie.

*Welkom terug in Matieland!*

**Kom en hernu ou Kennisse met 'n lekker koppie Koffie en nog wat in**

DIE UITSPAN

**DIE MATIE**

Alle korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
Waarnemende Redakteur,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* **Administrasie,**
**Posbus 28,**
**STELLENBOSCH.**

Deel IV. 3 Maart 1944. No. 2.

# Volksuniversiteit en Diens

Universiteit van Stellenbosch — **Volksuniversiteit.** Dit is die erenaam wat ons Universiteit deur ons hele land verkry het, 'n erenaam waarop elke student aan die Universiteit die reg het om trots te wees. Stellenbosch beklee 'n bevoorregte posisie in ons volkslewe. Maar ons is alte geneig om maar net tevrede te wees met die passiewe verering van ons nasionale skatte, waaronder ons Universiteit uitstaande is. Ons vergeet dikwels dat daardie erenaam nie alleen 'n trotse besitting meebring nie, maar ook noodsaaklike pligte wat gedurigdeur vervul moet word om die volksuniversiteit in alle aspekte van ons volkslewe in die voorste strydlinies te laat beweeg. Ons Universiteit het 'n roeping in die wording van die Afrikanervolk — op kulturele, staatkundige en sosiaal-ekonomiese gebied moet leiding gegee word. Alleen deur volksdiens kan ons Universiteit sy erenaam handhaaf.

Ons kan met oortuiging verklaar dat die Universiteit wat akademiese bedrywighede betref ware diens aan ons volk en land lewer, in „die ontwikkeling van goeie burgers." Maar die student is 'n ingeslote deel van die inrigting en as sulks rus daar ook die plig van diens op elke student individueel en op die studentegemeenskap as geheel. Diens aan ons volk deur die Universiteit sal die naam van ons Volksuniversiteit bestendig en versterk; diens aan sy volk direk sal strek tot eer van die naam van die studentegemeenskap as geheel. Dit help nie dat die Universiteit op akademiese gebied volksdiens verrig en die student staan eenvoudig afsydig van dié pligsvervulling nie. Elke studente-organisasie, elke studentevereniging, elke student moet die bevordering van ons volk se nasionale belange nastreef, en sy bydrae lewer tot die grootse dienstaak.

Laat ons as 'n organiese studentegeheel ons kragte inwerp agter die groot Afrikaanse-studentebeweging, die A.N.S., wat uitsluitlik staan in diens van ons volk, wat elke student uitnooi om saam te trek binne sy geledere tot een hegte studente-eenheid met die grootse leuse: NASIELIEFDE, NASIEDIENS! **Laat ons saamstaan, laat ons dien — diens vir ons Universiteit, diens vir ons Land, diens vir ons Volk!**

# U.K. Afrikaners Staan Vas

*As gevolg van die besluit van die Hospitaal-Jool-Komitee om 'n deel van die opbrengs van die verrigtinge van die dag aan die Vryheidskavalkade af te staan, het die Afrikanerstudente aan U.K. besluit om nie vanjaar mee te doen aan die Jool nie.* Die Afrikanerstudente kan nie hul weg oopsien om 'n poging ter stywing van oorlogsfondse te ondersteun nie. In uitvoering van die tema van die Jool, „The South African Pageant" sal voorstellings uit die Groot Trek saam met vlotte wat betrekking het op die oorlog in dieselfde optog verskyn.

Hierdie doelbewuste en vasberade optrede van die Afrikanerstudente aan U.K. verdien die lof van elke Afrikaner en openbaar die opregte Afrikanergees in die harte van hulle wat ongelukkig in 'n nie-Afrikaner atmosfeer hulle studies moet waarneem.

# Die Oorlog

## CHURCHILL SE OORSIG VAN DIE OORLOG

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Die Britse Premier het verlede week vir die eerste maal sedert September 1943 weereens 'n oorsig van die oorlog in die Laerhuis gegee. Hierdie toespraak, soos die toesprake van alle regeringshoofde van oorlogvoerende lande, verdien om noukeurig gelees te word. Hoe dit gelees moet word, vertel Churchill self toe hy, op vrae in die Laerhuis, die sensuur op die oorlogsberigte van Britse korrespondente in Italië verduidelik het. Volgens Churchill behoort woorde soos „desperaat" nie gebruik te word as hulle onjuis is nie „en nog minder as hulle waar is". As die Britse Premier dus 'n resep vir oorlogskorrespondente aan die hand gee, dan geld hierdie resep ook vir sy eie toesprake. Alle oorlogsberigte is immers onderworpe aan die sensuur en dra dus 'n offisiële stempel. Ook Churchill moet in ernstige oorweging neem hoe 'n gekompliseerde gehoor — die tuisfront, die bondgenote, die neutrale wêreld en die vyand — op sy toesprake sal reageer.

**Die Toespraak Self**

Hy het die toespraak begin deur vas te stel „dat hy nooit die sienswyse gehad het dat die einde van die oorlog in Europa voor die deur staan of dat Hitler op die punt staan om in te stort nie en dat hy beslis geen waarborg gegee of verwagtings gewek het dat die Europsese oorlog in 1944 sal eindig nie." Hierdie woorde getuig daarvan dat Churchill op die kort geheue van sy volk staat maak. Dit is tog algemeen bekend dat daar in 1939 en ook later min Britte was wat aan so 'n lang oorlog geglo het en hiervoor is die Britse propaganda en veral Churchill self verantwoordelik.

Na die Britse Premier sy onsekerheid oor die duur van die oorlog gestaaf het deur te wys op „die krag van die Duitse leër", die „hoë veggehalte van die Duitse troepe" en die „bekwaamheid van die Duitse generale staf" het hy met die gebruiklike en welverdiende lof vir die Rooi leër voor die dag gekom. Vervolgens het Churchill hom tot die kritici in Rusland en Amerika gewend wat beweer dat Brittanje nie sy volle gewig in die stryd werp nie. In hierdie verband het hy uitgewei oor die aandeel van Brittanje in die oorlog. Byna een-derde van die offisiere en matrose waaroor die Britse vloot aan die begin van die oorlog beskik het, sou gedood wees. Byna 50,000 loodse en lede van vliegtuigbemannings sou sedert die begin van die oorlog gedood of vermis wees en meer as 10,000 Britse vliegtuie sou verlore gegaan het. Hierdie swaar Britse verliese sou egter nie tevergeefs wees nie, want deur die Angel-Saksiese oorlogspoging sou belangrike Duitse strydmagte van die Russiese front afgewend wees. Sonder om afbreuk te doen aan die Russiese oorwinnings, aldus Churchill, moet uit billikheid teenoor die Westelike bondgenote verklaar word dat hul optrede die Sowjet-unie gehelp het.

**Lugaanvalle op Duitsland**

Die Brits-Amerikaanse lugaanvalle op Duitsland en veral die intensivering daarvan in die jongste tyd geniet besonder baie ruimte in Churchill se toespraak. Hy is erg hoopvol oor die uitwerking van hierdie lugaanvalle op Duitsland. Nie alleen sou die Russe veel hierdeur gebaat word nie, maar dit sou ook die fondament vorm waarop die planne vir 'n inval oor see gegrond is. Churchill is origens besonder swygsaam oor die beloofde tweede front in Wes-Europa. Dit lyk selfs of die tweede front nog 'n keer verskuif gaan word, want volgens die Britse Premier moet die Brits-Amerikaanse lugaanvalle op Duitsland „as ons vernaamste offensiewe poging vir die huidige beskou word." Dit kan wees dat Churchill hiermee bedoel om die vyand te mislei. As 'n werklike inval moet plaasvind dan mag die „huidige", weens natuurlike faktore, nie te ver in die toekoms strek nie anders sal die inval weer 'n paar maande moet wag.

**Italië**

Oor die veldtog in Italië was Churchill nie baie spraaksaam nie. Hy het in elk geval nie die inname van Rome en die mars na die Brenner in die vooruitsig gestel nie, maar toegegee dat „baie mense teleurgesteld is met die vordering wat daar gemaak is sedert die verowering van Napels in Oktober." Hy gee die skuld aan die ongunstige weersomstandighede en die hardnekkige weerstand van die Duitsers. Hy verklaar dat Hitler se besluit om tot soveel as 18 divisies na Suid-Italië te stuur en daar 'n groot tweede front te skep, nie vir die Geallieerdes onwelkom is nie. „In hierdie oorlog moet ons êrens teen die Duitsers veg, tensy ons moet stilstaan en die Russe aanskou". Hierdie verklaring van die Britse Premier is, om die minste te sê, 'n bietjie eienaardig.

**Pole en die Balkan**

Vir die vlugteling-regerings van Pole, Suid-Slawië en Griekeland wat onder Britse beskerming staan, bevat die Churchill-toespraak weinig aangenaams. Veral in eersgenoemde twee lande waar ook die Russe belange het, is dit duidelik dat die Britse regering vir Moskou gekapituleer het. As die Geallieerdes die oorlog wen, dan sal Pole 'n stuk van sy land aan Rusland moet afstaan. Kompensasie ten koste van Duitsland is al wat aan die Pole beloof word. In Suid-Slawië is dit nie langer koning Petar, eenmaal genoem Petar die Grote, en Mihailovich wat die gunstelinge is nie, maar die Russiese beskermling Tito. Die Britse afhanklikheid van die Rooi leër het in die Churchill toespraak baie duidelik tot uiting gekom.

# Handelsvereniging Kies Bestuur

Op 'n vergadering van handelsstudente Donderdagmiddag, 24 deser is mnr. S. P. Botha onbestrede verkies tot voorsitter van die Vereniging vir Ekonomie en Handel vir 1944. (Mnr. H. Davin, wat ook nomineer is, het ten gunste van mnr. Botha teruggetrek). Die ander bestuurslede is as volg: —

Vise-Voorsitter: Mnr. H. Davin.
Sekretaris: Mnr. H. S. Marais.
Asst.-Sekr.: Mej. M. Fourie.
Klasverteenwoordigers: — 3e jaar klas: Mnr. Van Schalkwyk. 2e jaar klas: Mnr. Wahl.

Die 1e jaar verteenwoordiger, mnr. P. Loots, is op 'n later geleentheid gekies.

**Ons wens hiermee die ontvangs van 'n donasie van £1 deur mnr. X te erken, en ons dank hom daarvoor.**

*Goeie Raad!*

Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.

*Ons hele Staf is tot u diens!*

**Pro Ecclesia-Drukkery**
Pastoriestraat, Stellenbosch.

*Musiek Studio*
**M. CAWS**
• *Kandidate word opgestuur vir Kaapse Universiteits Eksamens*
• *Billike Terme.*
*LANGS DARTERS*

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFÉ**
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

**Die Plaza**
Foon 0013.
„Blossoms in the Dust"
GREER GARSON
WALTER PIDGEON
*Vrydag en Saterdag*
*3 en 4 Maart 1944*
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**Mnr. Hugo Basson, bestuurder van Suikerbossie kondig aan dat die verandering van sy kafé alleen te wyte is aan sy verswakte gesondheidstoestand, as gevolg waarvan hy nie langer die groot besigheid kon behartig nie.**

**Rook Springbok-Sigarette**

# „EX LIBRIS"

## Ds. T. N. Hanekom.

**„TEMPES VOLAT" — DIE TYD VLIEG!**

„Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom." (Ps. 90: 12).

Uit die ou klassieke beskouing is vir ons bewaar 'n beeld waarmee die kunstenaar 'n voorstelling gee van die tyd in sy onverbiddelike gang. Ons sien daar 'n man in beweging. Op sy voorhoof het hy 'n groot bos hare, maar sy agterkop is kaal — sonder hare. Met hierdie beeld gee die ou klassieke uitbeelding aan die gedagte dat die tyd altyd beweeg en onkeerbaar verbygaan. Wil jy hom gebruik, dan moet jy hom beetpak as hy nog aankom. Is hy eenmaal verby, dan is hy vir goed verby en al die geleenthede wat dit bied onherroeplik verlore.

Ons staan weer aan die begin van 'n ander akademiese jaar en dit is baie aangenaam om daaraan te dink dat die jaar met al sy geleenthede nog voorlê. Daar is nog niks verlore nie. Maar juis daarom is dit so nodig om nou, vandag, saam met die Psalmis te bid: „Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom." Uit hierdie bede spreek 'n huiwerende vrees vir die verlore dag en verlore tyd! By elke mens, maar veral by die gelowige, verwag 'n mens hierdie sterk besef van verantwoordelikheid ten opsigte van die gebruik van sy tyd. 'n Mens lewe nie maar sommer so vanself langer nie. Maar elke dag is 'n gawe van God, 'n van God-gegewe geleentheid, en bring sy roeping met hom mee. Dit is nie ons lot, maar ons voorreg en ons vreugde om te werk.

Daar gaan oneindig baie kosbare ure verlore, ook, ja veral, by ons volk. Elke week word mos afgesluit met 'n „na-week," en elke „na-week" verslind nog tenminste een werkdag. En as dit maar al was! Die „na-week" word so „gevier" dat ons ook die eerste werkdag van die nuwe week onbekwaam en te moeg is vir ons werk. Ons word amper radeloos om daaraan te dink dat op hierdie wyse ons klein blanke bevolking elke week soveel werkdae verloor as wat ons getalle groot is. Dit kom hierop neer dat blank Suid-Afrika alleen elke weer 2 miljoen werkdae verloor, met al die ekonomiese, sedelike en geestelike nadele daaraan verbonde. **Ja, die na-week het geword 'n monster-draak wat ons kosbarste tyd verswelg en ons beste kragte verteer.**

Vir ons wat jonk is, is dit 'n ernstige saak. Ons staan op die drempel van ons lewenstempel. Ons verkeer in die môre van ons lewensdag. Die tyd is nog voor! Ons moet ons tyd gebruik. Wat moet van ons volk word as ook ons jeug hulle jare en dae laat verbygaan — werkeloos en vrugteloos! Wat moet van ons volk word as ons ons tyd verspeel terwyl die wêreld werk!

Dit is so heerlik om te werk. Laat ons dan werk so lank dit dag is. Die nag kom wanneer niemand.... meer kan werk nie. En dit is die treurigheid van die nag! Ek is bly vir 'n rusdag maar ek is dankbaar vir 'n werkdag. Dit is so heerlik om te werk! „Leer my, o Heer, my werkdae só tel, dat ek 'n wyse hart mag bekom."


**MOENIE VERGEET NIE !**

- Debatsvrugtefees.
- Vanaand op Coetzenburg.
- Sang, pret, jolyt, vrolikheid, heelike eetgoed.
- Toegang per lidmaatskapskaartjie of 2/6.

U word vriendelik uitgenooi!


## Steun aan Langenhoven-Gedenksaalfonds

**Aan die einde van verlede jaar het die Direksie van Die Eikestadwinkel (Edms.) Bpk., wat in 1941 opgerig is op spesiale versoek van die S.V.R. van ons Universiteit, die bedrag van £100 aan die Langenhovengedenksaalfonds geskenk. Die opregte dank van die hele studentegemeenskap aan die direksie vir hierdie besondere blyk van belangstelling in die studentebelange.**

## „Ons hou in gedagtenis . . ."

(Onderstaande is 'n deel van die rede van ds. T. N. Hanekom by geleentheid van die begrafnis van wyle dr. D. F. du Toit).

„Die Evangelie is vir my tot groot troos." Dit was die laaste woorde van professor du Toit aan ons persoonlik. „Tot troos!" Wat 'n sterksprekende woord uit die mond van so 'n man! „Tot troos" — dit is 'n greep terug na die eenvoudige waarheid uit die Kategismus van sy kinderdae: „Dit is die grootste troos in lewe en in sterwe, om eiendom van Christus te wees."

Niemand van ons is verbaas dat hy so 'n woord nalaat! Ons het hom in sy lewe nooit anders geken nie. Sonder hierdie woord kan ons sy lewe nie verstaan of waardeer nie!

Wyle prof. du Toit was 'n man van besondere betekenis. Hy is afkomstig uit daardie interessante geslag van talentvolle manne van wie ds. S. J. du Toit die inspirerende leier was. Die vormende invloed van daardie omgewing in „die Dal" het vir hom blywende betekenis gehad. Hy is nie net 'n skakel maar 'n verteenwoordiger van daardie beroemde geslag. Hy was die draer van hulle gedagtes, hulle kultuurwaardering, hulle volksliefde, hulle lewensbeskouing en hulle geloof!

In daardie kring het hy as jongman geleer om geen skeiding te maak tussen leer en lewe nie. Die behoeftes van sy hoof en hart was versoend. Man van wetenskap en kultuur, maar ook van innige godsvrug en 'n kerkman. Hy was 'n geleerde, maar ook 'n gelowige! So was hy nooit met homself in stryd. Orals waar ons hom ontmoet ken ons dieselfde man. Op die kateder is hy die talentvolle professor. Maar met ewe veel gemak — en vreugde — beweeg hy in die ouderlingsbank!

As leier op maatskaplike gebied, of as huisvader en vriend — orals dieselfde man; met een deurlopende gedagte, met 'n aangename lewensharmonie!

Vra baie vandag: „Wat is die Christelike Nasionale lewensbeskouing?" Siedaar — die lewe van ons vriend gee die antwoord! Hy het die antwoord nagelaat: nie 'n definisie nie, maar in sy optrede, sy woord, sy daad, sy lewensstyl. Soos ons hom gevolg het, elke dag! Daarom was sy lewe 'n seën vir volk en kerk. Daarom sy dood so 'n groot verlies vir almal, veral vir sy dierbares. Vir ons almal was sy dood te vroeg. Tog was sy lewe volledig. Sy laaste jaar, sy laaste klasse, eksamens, alles. Hy het sy program voltooi! Sy dood — nie net die einde nie maar voltooiing van sy lewe!


*Dames raadpleeg*

*TANT MITA*

*voor u materiaal koop en Bespaar!*

Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.

**Recreationsgebou, PLEINSTRAAT.**


# A.N.S. Vrugtefees Skitterende Sukses

Verlede Vrydagaand het die A.N.S. sy werksaamhede begin met die hou van 'n baie geslaagde vrugtefees op Coetzenburg. Dit is die eerste dergelike funksie wat deur die A.N.S. gereël is, en die A.N.S. dra die eer weg van 'n baie geslaagde funksie en stellig die grootste van sy soort nog op Coetzenburg gehou. Die aantreklikheid van die funksie op sigself was natuurlik ook te danke aan die feit dat dit die eerste vrugtefees van die jaar was. Ongeveer 600 studente in vrolike stemming het op Coetzenburg vergader om daar ruimskoots weg te lê aan die lekker waatlemoene en druiwe wat in oorvloed was, en 'n lekker bekertjie mos saam te drink. Vrolike gesels en gelag is afgewissel met aantreklike musiek en voordragnommers.

Mnr. S. P. Botha het die aanwesiges welkom geheet en die hoop uitgespreek dat alle A.N.S. aangeleent hede gedurende die hele jaar dieselfde belangstelling sal uitlok as die vrugtefees.

'n Aangename verrassing het opgedaag in die persoon van die Ere-President van die A.N.S., dr. J. F. J. van Rensburg, wat onverwags by die funksie aangekom het. Die teenwoordigheid van 'n paar dosente, o.a. dr. Coertze, Suidelike A.N.S. Streekleier, dr. Pretorius, dr. Franszen en dr. Yeats, is hoog op prys gestel.

Mnr. A. J. du Plessis het opgetree as die bekwame konvenor van die funksie.

# Onder Onsies

*Mej. Elsa van der Merwe*, gewese Harmoniet, bevind haar nou in die stad as voltydse kunsstudente.

* * *

*Prof. H. G. Stoker* (van P.U.K. vir C.H.O.) is ná 'n internering van een jaar onlangs *volkome* vrygestel. Ons verheug ons hierin.

* * *

Weens ernstige ongesteldheid kan prof. Kirwood nie vanjaar sy werksaamhede voortsit nie. Sy klasse word intussen waargeneem deur mev. Marquard.


**G. E. HENDRIKSZ**

se viswinkel vir

VARS GEBAKTE VIS, AARTAPPELREPIES, SOUTVIS en KIPPERS.

**HENDRIKSZ**

die slagter, spesialiseer in WORS en VLEIS vir BRAAIVLEISAANDE.

Andringastraat, Stellenbosch.

**Foon 94**

**Santy se Bottelstoor**

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies*

**Suikerbossie**

**Melksalon**

Se Bediening is Uitstekend, Ontmoet Jul Vriende Hier Om 'n Lekker Koppie Koffie.

Ons pas geopende

**BILJARTKAMER**

(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.

*Die Eienaar en Personeel van*

**„Die Karoo Baken"**

(Eienaar: BAKEN SMIT)

STELLENBOSCH

*wens langs hierdie weg alle Studente te bedank vir hulle getroue en gewaardeerde ondersteuning gedurende die afgelope jaar.*

*Ons heet u en die talle nuwelinge hartlik welkom vir die jaar wat voorlê.*

**U verdere ondersteuning sal baie waardeer word.**

Om die hoek van die Karoo-Baken is

**Kaspaas Mansuitrusters**

**Jy is welkom Nefie — ek sal bedien !**

**Ons kan u voorsien van:**

**Carter—Advanced Accounts**

**Van Rensburg—Sielkunde**

**Juta's Typewriting Manual**

**Bosman en van der Merwe—Tweetalige Woordeboek**

**Wilson—The Vicar of Wakefield**

**Dickens—Great Expectations**

**Austen—Emma**

**Bacon's Essays**

*en verder van meeste van u voorgeskrewe boeke en ander klasbenodigdhede.*

Besoek ons sekerlik

**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**

# Rook Springbok-Sigarette

